



Droomdraers

WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET


NOORDELIKE SINODE

18 - 22 OKTOBER

Verblyfkeuses

Kaart en Aanwysings:

GPS: S24° -50.950" E28° -20.233"



Chalet	Beskrywing
B – B1 tot B18	2 slaapkamers met 2 enkelbeddens in elke kamer en 1 bed in die gang. Aantal gaste: Maksimum 5
C – C1 tot C18	2 slaapkamers met 2 enkelbeddens in elke kamer en 1 bed in die gang. Aantal gaste: Maksimum 5
D – D1A & D1B tot D18A D18B	1 slaapkamer met 2 enkelbeddens en 1 bed in die sitlokaal/gang. Aantal gaste: Maksimum 3

Kamp- en Staanplekke

- **Sirkel 3** (sien kaart) en Sirkel 4 is uitgesit vir sinode-kampeerdere.
- **Beskikbare staanplekke is**
 - Sirkel 3A tot 3O (3P is reeds bespreek) = 15 kampplekke in Sirkel 3.
 - Sirkel 4A tot 4P = 16 kampplekke in sirkel 4.
- **Let wel:** As jul langer wil bly, maw na die 22ste nog wil aanbly, oorweeg Sirkel 4 want Sirkel 3 is net beskikbaar tot die oggend van die 22ste Oktober.

Fasiliteite in elke chalet

- Die chalets word daagliks skoongemaak (beddens opmaak, uitvee en skottelgoed was). Beddegoed word voorsien.
- Daar is 'n kluis waarin waardevolle items gebêre kan word.
- Daar is 'n yskas, ketel, mikrogolf en die nodige breekgoed in elke chalet. Elkeen kry 'n badhanddoek, maar afgevaardigdes moet eie **swemhanddoeke** bring.
- Daar is geen kruideniersware soos koffie, tee, melk en suiker in die chalets nie. Indien julle laataand / vroegoggend koffie wil drink by die chalet, moet julle self daarvoor sorg. Daar word egter 7:00 soggens koffie, tee en beskuit bedien aan die groep by die saal.
- Daar is Wi-Fi in die saal beskikbaar (versterkte wi-fi) maar daar is nie in die chalets wi-fi nie. Daar is televisiestelle in die chalets (TV 1, 2 en 3).

Volgende stappe

- Gebruik die kaart met aanwysings van waar die verskillende chalets geleë is, tesame met die aanduiding van hoeveel beddens in die onderskeie kamers is, asook waar addisionele beddens is, en besluit waar jy sou wou tuisgaan.
- Elmarie sal binnekort met jou skakel om te bevestig of jou besonderhede op die databasis korrek is en jy kan dan jou voorkeurkeuse met haar deel.
- Indien jou keuse nog beskikbaar is, sal dié dan aan jou toegedeel word.
- **Belangrik** - Jy hoef nie met jou eie gemeente se afgevaardigdes verblyf te deel nie.
- Ons het sekere chalets gereserveer vir vroulike afgevaardigdes.
- Daar is ongelukkig nie enkelverblyf beskikbaar nie.